# Kampvuur KEKKEL

hou KOERS!

WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA



## Een vonk kan 'n groot vuur maak

Daar is iets besonders aan 'n klein vonkie. Dit lyk magies, maar tog onbeduidend. 'n Klein liggie in die donker. 'n Klein vonk van energie of idees. Maar as jy na hom kyk, besef jy: dit kan 'n groot vuur aansteek en baie lig bring.

So is dit ook in die lewe van 'n Voortrekker. Een daad van moed, een vriendelike gebaar, een besluit om koers te hou - dit kan 'n kettingreaksie wees wat ander inspireer. Net soos 'n klein vonk uiteindelik 'n kampvuur vol warmte en lig kan word, kan een Voortrekker se inspirasie baie lewens verlig.

In elke span, elke kamp en elke kampvuur is daar altyd daardie vonke. Jong lede wat leer, leiers wat hul kennis oordra en elke stem wat sing en lag. Saam bou hulle iets wat groter is as hulle self. Saam bring hulle lig. Saam maak hulle die vonk tot 'n vuur.

Laat ons hierdie maand onthou: 'n Klein vonk kan 'n groot vuur maak en baie lig bring.  En elkeen van ons kan daardie vonk wees.

## Menseregtedag – ons reg om ligdraers te wees

Op 21 Maart vier ons Menseregtedag en word herinner aan respek, gelykheid en regverdigheid.

By Die Voortrekkers glo ons elke jong Voortrekker het die reg en verantwoordelikheid om 'n ligdraer vir die wêreld te wees — om hoop, deernis en reg te bring waar daar duisternis is.

Elke klein daad tel. Saam kan ons lig versprei en 'n groter impak maak. Laat ons vandag onthou: ons is almal ligdraers.



Hierdie grafika is beskikbaar in die bib op die webblad.  Klik op die prent en gebruik gerus.

## NEEM KENNIS

**REGISTREER** hier as Voortrekker

Namibië: Hoofleierswag-eksamen - 9 Maart 2026

**'n Feesjaarkookboek**
Stuur gerus resepte vir spanne per e-pos aan kookboek@voortrekkers.co.za. voor 27 Maart 2026. Dit sal baie gaaf wees as daar 'n storie by elke resep is.

Maart 2026


VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

# Maart
## Wees die vonk

# NEEM HANDE MET JANNIE DU TOIT!

Vier saam met ons
**55 jaar van Jannie du Toit**
se ryk loopbaan as sanger en liedjieskrywer!

- Van **17–19 April 2026** bied Jannie vyf unieke produksies in die **Centurion Teater** aan.
- Ons nooi takke uit om 'n produksie **"aan te neem"** en te help met kaartjieverkope.
- **50% van die inkomste** uit kaartjies wat deur julle verkoop word, **gaan direk aan julle tak** – *'n uitstekende geleentheid om fondse te versterk!*



**KOM WEES DEEL VAN HIERDIE SPESIALE MYLPAAL - 'N HEERLIKE PROJEK OM DIE JAAR MET INSPIRASIE EN SAMEWERKING AF TE SKOP!**

Gesels gerus met my!
**Gertjan Holtzhausen**
gertjan777@gmail.com | 082563 4457

## Voortrekkerkode-hulpmiddel

Die Voortrekkerkodes kry 'n vars, kreatiewe aanslag met ons nuutste hulpmiddel - en hierdie keer stap Kuifie en Kie saam!
Hierdie hulpmiddel is spesiaal ontwikkel om die Voortrekkerkodes op 'n toeganklike, praktiese en onthoubare manier aan te bied.




Klik en laai af:

## Projek Ligpunt

Met Projek Ligpunt word Voortrekkers uitgedaag om ligdraers te wees deur meer te leer oor gestremdhede en met begrip op te tree. Die projek bestaan uit drie fases:

1. Leer: Versamel inligting oor 'n gekose gestremdheid, voer 'n kort onderhoud in die gemeenskap en doen navorsing oor uitdagings, hulpmiddels, mites en respekvolle taalgebruik. Eindproduk: 'n plakkaat, video of eenbladopsomming.
2. Beleef: Neem deel aan 'n veilige, praktiese simulasie soos 'n rolstoelhindernisroete, blinddoek-aktiwiteit of take met jou nie-dominante hand. Eindproduk: 'n kort refleksie oor wat jy ervaar het.
3. Ligpunt: Doen iets prakties om iemand se lewe makliker te maak deur gemeenskapsdiens, hulpmiddels, aanpassings of bewusmaking. Identifiseer ook 'n ambassadeur van lig. Eindproduk: foto's en 'n kort verslag.

Neem deel en maak 'n verskil – een ligpunt kan groot lig bring! Vir meer inligting klik hier: Klik

## Kode 2: 'n Voortrekker se woord is sy eer

Wanneer 'n Voortrekker iets sê, staan hy of sy daarby. Om jou woord te hou beteken om betroubaar, eerlik en opreg te wees.
In 'n wêreld waar woorde soms maklik gegee en maklik gebreek word, kies 'n Voortrekker om anders te wees. Ons bou vertroue deur te doen wat ons sê en te sê wat ons bedoel. Só leef ons ons kode uit.

## Het jy geweet?

Volgens die Voortrekkerreglemente en lidmaatskapbrosjure mag Voortrekkers slegs die voorgeskrewe kentekens op formele Voortrekkerdrag dra en nie op aktiewe Voortrekkerdrag nie. Slegs items wat deur die Voriemôl aangehou word, mag as Voortrekkerdrag gebruik word (Hoofstuk 26, punte 2.8 en 2.10).



## 'Tag' ons nasionale platforms

Onthou om die nasionale sosialemedia-platforms te 'tag' wanneer julle foto's en plasings van aktiwiteite, kampe en projekte deel. Deur die nasionale blaaie te merk, help julle om ons stories wyer te versprei en wys ons saam wat in elke kommando en gebied gebeur.

Dit versterk ons bemarking, verhoog sigbaarheid en gee nuwe lede en ouers 'n positiewe kykie op wat dit beteken om 'n Voortrekker te wees. Hoe meer ons deel en tag, hoe meer word ons bereik.

## Sing saam – 2026 se Feesjaar klink heerlik!

Dit is mos nét lekker om te sing — veral wanneer jy sing oor dinge waaroor jy regtig passievol voel!
2026 is ons feesjaar, en 'n fees sonder musiek? Onmoontlik! Musiek gee kleur aan vieringe, ritme aan herinneringe en energie aan elke byeenkoms. Van kampvuur tot verhoog - ons gáán sing!
Agter die skerms gebeur daar reeds baie opwindende dinge. Daar word geskryf, verwerk, beplan en opgeneem. Kreatiwiteit borrel en nuwe idees kry vlerke. En die lekkerste deel? Ons begin nou al om dit met julle te deel.
Gaan loer gerus na 'n paar van die liedjies uit ons eie Voortrekkergeledere. Gebruik dit tydens byeenkomste, leer dit vir die kinders, sing dit in die bus, by die kampvuur of gebruik dit vir agtergrondmusiek tydens 'n seremonie. Maak dit julle eie.
Hierdie is óns liedere. Ons storie. Ons klank.
Kom ons maak seker:
wanneer die fees aanbreek, is ons stemme reg!

Klik hier